Die Heilige Gees in my …

As ons na die prentjie kyk sien ons ‘n windpomp wat doodstil staan teen die agtergrond van ‘n son wat ondergaan – te pragtig!

Hoe pas dit by ons lewe?

Vir die windpomp om water te kan lewer uit die boorgat, moet twee dinge gebeur. Die windpomp se rem moet af wees, en die wind moet waai. In my lewe moet die wind (die Heilige Gees) ook deur my waai, maar om dit te laat gebeur, moet “my rem” ook af wees!

Met ander woorde, ek moet dit wat my terughou (rem) soos ‘n gebroke verhouding, kwaai vriendskap, slegte lewe (as gevolg van drank, dwelms, seks, ens.) laat gaan. Ek moet toelaat dat die wind van verandering aangeblaas deur die Heilige Gees deur my waai.

Slegs dan kan ek die visie hê om te onderskei, en die keuse maak om die regte pad te loop.

Ons hoor dit ook in die Woord by Galasiërs 5:16: “Wat ek bedoel is dit: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie.”